

# SENTRAL KAROO DISTRIKSMUNISIPALITEIT

*Alle aspekte van ons personeel prosesse is nie-diskriminerend en sal daar aan alle kandidate gelyke geleentheid gebied word om aansoek te doen vir vakante poste:*

## **EKSTERNE VAKATURE**

### **TOESIGHOUDEnde PADSKRAPER OPERATEUR**

**DEPARTEMENT PAD INFRASTRUKTUUR DIENSTE**

**Salaris : TASK 8 (R180 012.00 PER JAAR)**

**Standplaas : LAINGSBURG (HERGRUIS)**

#### **KWALIFIKASIEVEREISTES:-**

- Ten minste graad 10 met 3 jaar **toepaslike** ondervinding in die hantering van grondverskuiwings masjinerie soos laaigrawe, padskrapers, 4x4 trekkers, kompaksie rollers, kruiptrekkers (**Eksterne kandidate**)
- Moet eenvoudige Wiskundige berekenings kan maak.
- Goeie lees-, kommunikasie-, toesighouers- en skryfvaardighede.
- 'n Geldige Kode EC-lisensie met PrDP.
- Vaardigheid in twee van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap (Afrikaans/Engels/Xhosa)
- Die suksesvolle kandidaat sal onderwerp word aan mediese fiksheid assessering in terme van die voorskrifte van die Konstruksieregulasies en Wet op Beroeps-gesondheid en Veiligheid, 1993.

**Interne kandidate sal onderwerp word aan bevoegdheidstoetse in terme van die hantering van siviele konstruksie masjinerie. Daar word van kandidate verwag om weg van hul tuisdorp te werk en uit te slaap soos operasioneel vereis.**

**Die suksesvolle kandidaat sal onder andere verantwoordelik wees vir die volgende:** • Vervoer van personeel en goedere • Veilige hantering, nasien en bestuur van konstruksievoer- en werktuie soos vn toepassing in die konstruksie hergruisspan • Konstruksie aktiwiteite sluit in uitgrawings, verwerking, plasing en kompaksie van gruislae, watervoer, verkeerbeheer • Toesighouding soos vereis

**Benewens gemelde salaris, bied die Raad sy permanente werknemers die volgende byvoordele:-** Pensioen- en mediesefonds bydraes, behuisingsubsidie, ruim verlof en siekteverlof, 'n dertiende tjeek na 12 maande diens, bydrae tot groepversekeringspremies asook hulp met verhuisingskoste onderworpe aan sekere voorwaardes.

Aansoeke op die Raad se amptelike aansoekvorm word ingewag **voor of op 3 Januarie 2022**. **Aansoeke sonder gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies en bestuurderslisensie sal nie oorweeg word nie.** Indien verdere besonderhede verlang word kan Mev G L van Zyl gekontak word by (023) 449-1000. Indien geen terugvoer binne drie maande vanaf die sluitingsdatum ontvang is nie, kan aanvaar word dat 'n aansoek nie geslaag het nie.

DR S.W. VATALA : MUNISIPALE BESTUURDER

PRIVAATSAK X560

BEAUFORT-WES

6970

